**30 April**
**Skrifgedeelte: Jeremia 1:4-14**
**Fokusgedeelte: Jeremia 1:5,8**

**Hou aan … al word dit moeilik**

Jeremia moes baie moeilike werk doen. As profeet moes hy hard en duidelik die oordeel van die Here verkondig omdat sy volk hulle nie bekeer nie. Dit word vir die profeet so moeilik dat hy soms nie kans sien om voort te gaan nie, maar die Here antwoord deur te vra (Jer 12:5): "As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop?" As jy nou al swaarkry, wat gaan jy maak as dit nog moeiliker word?

Tog het Jeremia getrou aangehou, enduit!

Hoe kry 'n mens dit reg ? Hy was tog ook maar 'n mens net soos ons. Ons voel ook mos soms ons sien nie kans om te doen wat van ons verwag word nie. Hoe kan 'n mens aanhou om jou kinders op te voed, in liefde met jou lewensmaat te leef, by jou werk getuie vir Christus te wees, in die gemeenskap jou kant te bring… ook wanneer dit so moeilik word dat jy voel jy kan nie meer nie! Kan jy aanhou omdat jy so 'n sterk of gebalanseerde mens is, of goed grootgemaak is?

Jeremia kon aanhou omdat hy geweet het die Here het hom geroep. Die Here het hom gekies nog voordat hy gebore is en hom as profeet aangestel het. Sy moeilike taak het nie by homself begin nie, maar met God se besluit. Hy kan dit dus doen met die krag en bystand wat sy Here aan hom gegee het (vers 8).

Die groot vraag is nie: "Sal ek kan aanhou?" Dit is: "Sal die Here wat my gekies en geroep het, my bekwaam maak?" Op hierdie vraag is die antwoord: "Ja!" Dit gee 'n mens alle rede om 'n positiewe selfbeeld te hê. Al word dit moeilik, Hy maak dit moontlik dat ek sal kan aanhou om Hom te dien! Hy het my vir hierdie taak gekies!

*Sing: Skrifberyming 24:1,2 Ds GNV Botha (Randburg)*